

26 SEPTEMBER SKRIFGEDEELTE: LUKAS 5:33-39

FOKUSGEDEELTE: LUKAS 5:33-34

Waarom doen julle so en nie soos ons nie ?

Die gebruike van twee groepe mense word teenoor mekaar geplaas – hulle wat vas en hulle wat nie vas nie. In die Ou-Testamentiese voorskrifte het die Here nie gereelde vastye vereis nie, slegs een maal per jaar op die Groot Versoendag. Die gebruik van gereelde vastye is na die ballingskapstyd deur die Jode self ingebring. 'n Toegewyde Fariseër het twee maal in die week (Maandag en Donderdag) gevas. Met al hulle eie pogings tot redding en hulle baie ekstra wette het hulle verhouding met God koud, vreugdeloos en onseker geraak. Jesus gebruik hierdie geleentheid om te leer dat met sy koms en verlossingswerk daar 'n einde aan bepaalde gebruike van die Ou-Testamentiese tyd gekom het, en veral dat die Joodse wettiese gebruike met sy verlossingswerk bots. Die vastyd in die ou bedeling was 'n uitdrukking van hartseer oor sonde. Hoe kan die dissipels dan vas terwyl die Verlosser in hulle midde is. Dit is eerder nou 'n tyd van feesvreugde soos met 'n bruilof, want Jesus bring vrede en versoening tussen God en mens. In Jesus is daar 'n oorgang van 'n ou bedeling na 'n nuwe tydperk. Sy verlossingswerk het ingrypende implikasies en dit sny deur na die inhoud en vorm van godsdienstige gebruike. Nuut hoort by nuut en oud by oud. Hy verduidelik dit deur te verwys na 'n onwysheid om ou klere met 'n nuwe ongekrumpte stuk lap te lap. So ook moet nuwe wyn wat nog gis eerder in nuwe sterk velsakke gegooi word. As jy eers eenmaal die vreugde van kindskap in Jesus beleef het, sal jy nooit na 'n streng wettiese lewe kan terugkeer nie. Dit is om die sagte smaak van ou wyn te proe, teenoor die skerp smake van 'n nuwe wyn (v 39).

Sing: Skrifberyming 5-3 (8):2 Dr Kobus van der Walt (Bloemfontein-Suid)